# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 12 JUNIE 2022

**Spreuke 8 en Joh. 8 | God se volheid wat ons tot insig bring**

**Oggenddiens** om 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Breytenbach (1)

**Familiediens** om 09:00 in die kleisaal en aanlyn | Ds. Potgieter (8)

**Meditatiewe diens** om 09:00 in die kapel | Ds. Dietmann

**Relevantdiens** om 18:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Duvenhage

## HEMELSE HEERLIKHEDE | KAFETERIA

Ondersteun asseblief die  Annibrand Junior-kategesegroepe vandag met hulle verkope van Hemelse Heerlikhede in die kafeteria.  Met die verkope word die Heaven's Gate-kinderhuis in Kraaifontein asook die Weich-sendelinge ondersteun.

Geroosterde ham-en-kaas-broodjies R20

Geroosterde volkoringbroodjies met hoender en mayonnaise R25

Geroosterde kaasbroodjies  R15

'n Sny koek  R20

'n Sny tert R15

Tuisgemaakte lekkers R5

Warmsjokoladedrankie  R10

'n Blokkie plaatkoek  R15

Kolwyntjies R15

Lekkergoedboksies  R10

## ONTVANG JY KORRESPONDENSIE?

Indien jy nie enige korrespondensie van die gemeente ontvang nie, kontak asseblief vir Odette by odette@stellenberg.co.za.  Ons wil baie graag op gereelde basis met al ons lidmate kommunikeer.

## 'N AAND SAAM MET MARION HOLM

Donderdag 18 Augustus om 19:00 in die kleinsaal.  Kom geniet 'n aand vol humor en inspirasie en boonop 'n ete teen slegs R200 per persoon saam met die bekende Marion Holm.  Kaartjieverkope ten bate van MES Kaapstad.  Kaartjies te koop by Anneke, anneke@stellenberg.co.za of 021 976 4519.

### KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### DEUROFFERS

**Teologiese Kweekskool (Sinodaal)**

Die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch bied onder andere opleiding vir studente van verskillende kerke met die oog op die bediening as predikant en jeugwerkers .

Predikante van die NG Kerkfamilie word sedert 1859 hier opgelei.

**TAFELGESPREKKE VIR FAMILIES | Psalm 8: Drie-eenheidsondag**

- Steek 'n **kers** aan en sê as gesin saam dankie dat die Here vir julle sorg.
- Elkeen **deel**: Wat was jou hoogte- en laagtepunte van die dag?
- **Lees** die Bybelgedeelte.
- **Wie** is God vir jou in Psalm 8?
- Ons glo dat God DRIE-in-EEN is. **Gesels** met mekaar oor die begrip.
- **Hoe** sal jy die Drie-eenheid aan iemand anders verduidelik?
- **Teken of skryf** iets wat jy weet van elkeen van die Drie-eenheid.
- **Watter** entiteit van die Drie-eenheid wil jy graag beter leer ken?
- **Kyk** saam na hierdie aanbiddingslied:
  https://www.youtube.com/watch?v=9npp12gawD4&t=91s
- **Gebed:** Dankie dat ons U as die Vader, die Seun en die Heilige Gees kan aanbid.

## HULP AAN LEEU-GAMKA-UITREIKSPAN

Ons benodig die volgende sopbestanddele: gedroogde lensies, ertjies en sopmengsel, asook blokkies geurmiddel (*stock*) vir sop, pakkies soppoeier en rys.

Die uitreikspan wil ook graag skoolkinders met sanitêre produkte en skoolsokkies ondersteun. Bydraes kan voor 27 Junie by die kerkkantoor afgegee word. Kontantbydraes kan elektronies oorbetaal word na: ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, verwysing: LEEU-GAMKA.

## SOPKOKERS BENODIG

Ons het 'n groot tekort aan sopkokers. Indien jy bereid is om weekliks, of soos jy kan, 'n pot sop by jou huis te kook en dit dan bevrore by die kerk af te gee, kontak asseblief vir Anéne Nortier by 083 581 6930. Sy sal die resep en ander reëlings aan jou voorsien.

## BREIGROEP LEWER 'N MAGDOM MUSSE

Die breigroep het die afgelope week nie minder nie as 1 040 gebreide mussies en 820 serpe aan ds. Why Duvenhage en die uitreikspanne oorhandig. Die groeplede se toewyding is werklik prysenswaardig.

Breiers ontmoet weer op Maandag 4 Julie om 09:30 in die markplein. Wolskenkings, of kontantbydraes na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005 (gebruik BREIGROEP as verwysing), is welkom.

### KATEGESE

**ANNIBRAND JUNIOR**

Na die oggenddiens tot 10:45.

Graad 1-3: kleinsaal

Graad 4-6: grootsaal

Graad 7: jeuglokaal

**ANNIBRAND SENIOR**

Seniors woon die Relevantdiens om 18:00 in die kerk by en verdeel daarna in kleingroepe.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel 083 519 0602.

## VATVYF-UITSTAPPIE

Ons besoek die Toekastoor op Woensdag 15 Junie. Die bussies vertrek om 10:00 vanaf die markplein en behoort teen 13:00 weer terug te wees. Ons gaan lekker eet en saamkuier. Elkeen betaal sy eie ete. Bespreek by Anneke voor 13 Junie by 021 976 4519. Aktiwiteite vir die derde kwartaal lyk soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| 20 Julie | 10:00 | Kuier by Koffie en Krummels-koffiewinkel. |
| 24 Aug. | 10:00 kleinsaal | Aanbieding oor Alzheimersiekte. |
| Son. 4 Sept. | 09:00 in kerk | Seniorweek \| Erediens met verversings. |
| Maan. 5 Sept. | 10:00 kleinsaal | Seniorweek \| Ds. Johan Visser sing en gesels. |
| Dins. 6 Sept. | Vertrek 09:00 | Seniorweek \| Franschhoek-motormuseum. |

## UITREIKE 2022

Ons uitreikspanne gaan vanaf 25 Junie tot 6 Julie Calitzdorp, Beaufort-Wes en Leeu-Gamka besoek. Volledige besonderhede asook inskrywingsvorms is op www.stellenberg.co.za beskikbaar.

## DOOP VANDAG

Andries en Neldrie Klop, laat doop vir Frederik Klop.

## SKATTEMARK | 30 JULIE

Kom verkoop jou gebruikte, maar steeds bruikbare, items op Stellenberg se eerste skattemark wat op Saterdag 30 Julie vanaf 10:00 tot 14:00 in die saalkompleks of buite, afhangend van die weer, aangebied word. Meubels, klere, benodigdhede vir babas, speelgoed, dekoritems, oefentoerusting, ens. is alles welkom. Bespreek jou uitstalruimte teen R150 by Lindy, lindy@stellenberg.co.za. Geen keuring, almal is welkom.

## FEESMARK-KEURING

Die feesmarkkantoor is besig met die finale keuring van voornemende uitstallers. Indien jy aansoek gedoen het vir feesmark 2022, sou jy teen Vrydag 10 Junie 'n e-pos ontvang het om aan te dui of jou aansoek suksesvol was, al dan nie. Indien jy nie 'n e-pos ontvang het nie, stuur asseblief 'n e-pos na feesmark@stellenberg.co.za.

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom elke Maandag om 10:00 in die ou kafeteria-area byeen. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.

### KOFFIE EN KRUMMELS

Besoek gerus die koffiewinkel op die kerkterrein vir ontbyt, gebak en ligte middagetes. Hulle is oop op weeksdae vanaf 07:00 tot 17:00 en Saterdae en Sondae vanaf 08:00 tot 14:00. Die koffiewinkel funksioneer onafhanklik van die gemeente en word deur Lionel en Jessica bestuur.

## SLUIT BY ONS WHATSAPP-GROEPE AAN

**Bulletin:** Lees die bulletin op jou selfoon en kyk na die aanlyn oggenddiens op jou foon deur 'n WhatsApp met jou naam + van + bulletin na 081 045 2428 te stuur, of skandeer die QR-kode hier regs met jou WhatsApp-kamera en sluit aan.

**Daaglikse stemboodskap:** Luister na die daaglikse stemboodskappe op jou selfoon deur 'n WhatsApp met jou naam + van + bulletin na 081 045 2428 te stuur, of skandeer die QR-kode hier regs met jou WhatsApp-kamera en sluit aan.

**Nuusbrokkies vir jong volwassenes:** Skandeer die QR-kode hier regs met jou WhatsApp-kamera en sluit by die groep aan sodat jy op hoogte kan bly van gemeentenuus en ander inligting van toepassing op jong volwassenes.

## FINANSIËLE BYDRAES

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.